VAKATURE

'n Gulde geleentheid om deel te word van die unieke bekoring van Namakwaland en sy mense!

Met sy hoofkantoor in Springbok en streekkantoor in Calvinia, Noord-Kaap, is 'n regstellende aksie-werkgewer. Aansoeke, op die voorgeskrewe aansoekvorm, wat by Ontvangs of op die Raad se webwerf (sien onderaan advertensie) verkrygbaar is, word ingewag van bevoegde kandidate vir ondergenoemde vakature.

SENIOR BESTUURDER EKONOMIESE ONTWIKKELING & BEPLANNING

5 jaar vaste termyn prestasie gebaseerde kontrak

Verwysingsnommer: 11/2022

VEREISTES EN ONDERVINDING: NQF vlak 7 kwalifikasie of Baccalaureusgraad in Bou wetenskap/Argitek, Baccalaureusgraad in Stad-en Streekbeplanning of Ontwikkelingstudies • Nakoming van die wysigings vereistes soos vervat in die Regulasie vir minimum bevoegdheid vlakke, Kennisgewing No. 1146, Staatskoerant No. 41996 van 26 Oktober 2018 of die vermoë om dit binne 18 maande te voltooi • Ten minste vyf jaar vorige bestuursondervinding op middelvlak • moet bewese suksesvolle professionele ontwikkeling / stads- en streekbeplanning ervaring het • 'n Geldige bestuurslisensie (kode B/8) • Bereid wees om te reis • Rekenaargeletterd • Goeie kennis en verstaan van relevante beleid en wetgewing • Goeie verstaan van institusionele regering stelsels en prestasie bestuur • Goeie kennis van voorsieningskanaalbestuur regulasies en die Voorkeurverkryging beleidsraamwerk, Wet 5 van 2000 • Kennis van geografiese inligtingstelsels • Kennis van ruimtelike, stads- en ontwikkelingsbeplanning.

SLEUTEL PRESTASIE AREAS: Bestuur van Ekonomiese Ontwikkeling, Behuising, Toerisme, EPWP, PMU & Infrastruktuur, Beplanning & IDP • Verskaffing van strategiese ondersteuning aan die kantoor van die Munisipale Bestuurder met die daaglikse bestuur van die Munisipaliteit • Vervul die rol van Senior Bestuurder soos voorgeskryf deur die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (MFMA), Wet 56 van 2003 • Voorbereiding, implementering en bestuur van die begroting binne wetlike tydsraamwerk • Adviseer die Munisipale Bestuurder en ander ampsdraers aangaande ekonomiese strategieë, beleid formulering, ontwikkeling en implementering van geskikte beleide, prosedures en reëls van toepassing op die Munisipaliteit • Voorbereiding en indiening van verslae op 'n gereëlde basis aan die Raad, Uitvoerende Burgemeester, Provinsiale en Nasionale Regering soos voorgeskryf deur verskeie wetgewing • Bestuur van projekte soos geïdentifiseer in die IDP vir effektiewe dienslewering

SALARISPAKKET: • Onderhandelbaar kragtens Staatskoerant No. 43122 van 20 Maart 2020 (R 815 063 tot R 996 188). 'n Landelike toelaag kan ook betaal word teen 10% van die jaarlikse salaris.

ALGEMEEN: • Oorspronklik gesertifiseerde afskrifte van u identiteitsdokument, kwalifikasies, rybewys en twee onlangse verwysings of getuigskrifte jonger as 1 jaar, tesame met 'n volledige Curriculum Vitae, moet u aansoek vergesel • **ONVOLLEDIGE AANSOEKE SAL NIE OORWEEG WORD NIE** • Indien u nie binne 14 dae vanaf sluitingsdatum van ons hoor nie, moet u die aansoek as onsuksesvol aanvaar • **GEEN FAKSE, E-POS EN LAAT AANSOEKE SAL OORWEEG WORD NIE** • Kandidate wat nie aan vereistes voldoen nie, hoef nie aansoek te doen nie • Aansoekvorms moet onderteken wees • **DIE VOORGESKREWE AANSOEKVORM, SOOS VERVAT IN TOEPASLIKE REGULASIES, MOET VOLTOOI WORD EN NIE 'n Z83 VORM NIE** • 'n Aparte aansoekvorm met nodige bewysstukke word vir elke pos vereis • Aansoeke moet die Springbok kantoor bereik voor/op die sluitingsdatum en -tyd soos aangedui • **VROUE, JEUGDIGES EN PERSONE MET GESTREMDHEDE IS WELKOM OM AANSOEK TE DOEN. KANDIDATE SAL ONDERWERP WORD AAN SEKURITEIT SEKERHEIDS TOETSING. KANDIDATE SAL OOK ONDERWERP WORD AAN 'n BEVOEGDHEID EVALUERING.**

RIG NAVRAE AAN:
Die Senior Bestuurder Korporatiewe
& Munisipale Gesondheidsdienste
Tel: (027) 712 8000, Faks: (027) 712 8040
E-pos: garyc@namakwa-dm.gov.za
Web: www.namakwa-dm.gov.za

RIG AANSOEKE AAN:
Die Munisipale Bestuurder
Namakwa Distriksmunisipaliteit
Hendrik J Visser Gebou
Privaat Sak X20
SPRINGBOK
8240 en meld die relevante verwysingsnommer

SLUITINGSDATUM: 22 Julie 2022 OM 12:00